

1.1 BEGRIPSTOETS 1

HAAS EN SKILPAD

Haas is 'n haastige kêrel, want hy is baie bang vir honde en roofdiere wat hom kan vang. Daarom sê mense iemand is so bang soos 'n haas vir 'n hond. Al het hy lang ore om gou te hoor as iets hom bekrui, word baie van sy familieledede doodgebyt. Hulle word gewoonlik nie baie oud nie. Skilpad is weer 'n stadige ou sukkelaar, wat maar lomp oor die grond drentel, want hy het mos 'n skild oor sy lyf. As iets hom wil byt, trek hy net sy kop en pote in sy dop in en dan is hy veilig; daarom word hy glo so oud.

Dié twee ontmoet mekaar in die veld.

“Dag, oom Skilpad,” sê Haas.

“Dag, neef Haas,” antwoord Skilpad.

“Waar gaan oom Skilpad heen?” wil Haas weet.

“Ek gaan 'n bietjie na die rivier toe om water te drink.”

“Ag, oom Skilpad, jy loop so stadig: jy sal môre eers daar wees.”

“Ag, bog!” sê Skilpad, “ek wed jou ek is die eerste daar.”

“Goed,” sê Haas, “dan gaan staan ons nou by hierdie streep. Ek sal tot drie tel en dan hardloop ons reises rivier toe.”

Haas het tot drie getel en toe spring hulle weg. Hy het skoon vir Skilpad weggehardloop. Toe Haas naby die rivier kom en dit agterkom, het hy eers gaan lê en rus. Hy reken mos dat Skilpad eers môre sal kan kom. Maar ou Skilpad is by hom verby. Toe Haas wakker skrik, spring hy op en haas hom na die rivier. Daar kry hy Skilpad by die water.

“Hoe het oom Skilpad dit reggekry?” wil hy weet.

“Neef Haas,” sê Skilpad, “leer nou van 'n ou kêrel om nooit jou vyand te onderskat nie. Jy moet wakker loop vir oom Skilpad. As jy nie vinnig is nie, is dit aanhouer wen. Al is jy vinnig, moet jy nie sommer lê en slaap nie”.

1. Waarvoor was Hasie bang?
2. Jakkalse en lammervangers vang ook hase. Wat word sulke diere genoem?
3. Wat is die verskil tussen loop, drentel en hardloop?
4. Wat weet jy van hase en konyne af.
5. Van watter diere weet jy wat baie vinnig hardloop?
6. Watter les het jy uit die storie geleer?

Kom ons voltooi die prentspeletjie: Hierdie bekende storie se volgorde het deurmekaar geraak. Nommer die prente, sodat die volgorde reg is.

